'n Sterk geloof word geheg aan die werking van vars dou. Oornag moet dit besondere magiese eienskappe verkry het, vandaar die opvatting. Vir hoes moet suurlemoensap of asyn saam met sout en heuning geneem word, of neem 'n ui, kerf dit op, en plaas dit in 'n kommetjie buite oornag sodat dit dan dou kan opvang. Die lyer moet dan die druppels drink wat in die kommetjie gevorm is.[1]

In die Nederlandse Volksgeneeskunde word water as sulks aangewend as 'n geneesmiddel. As dit gekook en gedistilleer is, dien dit as 'n goeie middel teen alle kwale.[2] Dit gaan onder die benaming a u r e a a g u a , en hang waarskynlik saam met water as doopmiddel in die Rooms-Katolieke godsdienstige opvattinge in gebruik.

In die Nederlandse Volksgeneeskunde word die blomme, wortels en bessies van plante, anders as by ons, veral teen senuweesiektes aangewend.[3] Maar ons tref ook die opvatting aan dat water of brandewyn of jenewer of asyn waarop plante „getrek" het, die krag en eienskappe van sulke plante oorgeneem het. So word asyn, wat op die blomme van die lelie getrek is, teen hoofpyn gebruik.[4] „Om sproeten uit het gezicht te verdrijven, wrijve men deze met de bloempjes (van die lelie) vóór zonsopgang geplukt,"[5] omdat die lelie in die volksgeloof geld as die simbool van reinheid. Die gesig sal net so blank soos die lelie word, is die simpatiese opvatting.

Ons het voorop beweer dat onder die benaming volksgeneeskunde, die middels verstaan word, wat die volk in die algemeen, en vernaamlik die landman, ter genesing van siektes aanwend sonder enige aandeel of aanleiding van 'n geskoolde arts. Elke volk besit vervolgens 'n groot skat dergelike kennis wat hy geskep het as gevolg van instink en ervaring. Maar in die geval van kruiegenesing is dit duidelik dat nie a l l e plante en alle diere in die volksgeneeskunde aangewend word nie. Slegs die wat op 'n bepaalde bodem in 'n bepaalde lokaliteit voorkom, sal vergroeid wees met die geloof in verband met hul geneeskragtige waarde. Hierby moet onthou word dat instink en ervaring die twee geesteseienaardighede van die mens is wat veral by volksmedisyne 'n groot rol speel. Elke land het om hierdie rede sy eie besondere geneesmiddels vir siektes, want die flora is nie oral eners nie. By die skepping van ons volkskruiemiddels is hierdie behoefte gevoel, want die eerste nedersetters het met 'n heeltemal nuwe bodem in aanraking gekom. Daar was vir hulle skeppende hoedanighede dus twee weë oop: hulle kon stof van die stamland, die vaderland, invoer, of hulle moes na gelykwaardige artikels soek. Beide is gedaan, en veral laasgenoemde

---

1) Pijper., p. 15.
2) Vgl. Boran Sloet: „De Planten in het Germaansche Volksgeloof en Volksgebruik", p. 56.
3) Ibid., p. 57.
4) Ibid., p. 57.
5) Ibid., p. 57.
6) Ibid., p. 57.

het grotendeels plaasgevind, en hierdie laasgenoemde gebied is die egte, onbewimpelde Afrikaanse Volksgeneeskunde.

Dit is algemeen bekend dat honde en katte gras eet vir hulle gesondheid. Aangesien diere die plante in die natuur eet, neem die volksmens logies aan dat dit nie onheilsaam is nie. Die dier is bloot nagedoen, en plante is waarskynlik eers as voedsel en daarna as medisyne aangewend.

'n Ander beginsel wat in die kruie-geneeskunde aangetref word, is die opvatting dat God in elke land kruie geplant het om alle siektes wat daar mag voorkom, te genees.

Dit is verder die praktiese sin wat kenmerkend is van die volksmens, wat hom daartoe noop om die plante in sy omgewing aan te wend om sy kwale mee te genees.

Die aartappel, wat 'n baie bekende voorwerp in die lewe van die volksmens is, word dan ook naas voedsel, aangewend as geneesmiddel. Dit is naamlik goed vir die maag en die hart, en rou ertappels het onder die seelui as 'n middel teen skeurbuik gegeld. Om wintershande te genees, moet 'n mens hulle in aartappelwater was. Skyfies aartappel teen die slape gehou, is goed vir hoofpyn.[1]

Appels word aangewend teen koors, hardlywigheid en allerlei maagkwale. In die sewentiende eeu was 'n salf, „Unguentum Pomatum", bekend. Dit, tesame met rooswater om skurfheid van die huid weg te neem.[2]

'n Appel vóór en ná 'n maaltyd is goed vir slegte spysvertering. Die Romeine het hulle maaltye met 'n ui begin en met 'n appel geëindig.

Simpaties word die appel nes die aartappel aangewend om vratte weg te ent. In Nederland word 'n appel in twee gesny en teen die lyer se vratte gevryf, dan word hulle weer teen mekaar geplaas en begrawe.[3]

Te Nieuwpoort in Nederland word appels gedurende swangerskap geeet om die kind in die baarmoeder klein te hou vir 'n gemaklike geboorte.[4]

Op voorbeeld van die volk se kennis in hierdie saak, „worden thans nog preparaten gebruikt, bereid uit het sap van zure appels, waarin ijzer word opgelost, welk medicament aangewend wordt bij bloedarmoede en bleekzucht." Verder is ontdek dat in die appel sure aanwesig is wat 'n antiseptiese invloed uitoefen op mikro-organismes in die mond en keel, en is hulpvaardig by vergrote mangels.[5]

Volgens Watt word ons sg. Pretoria-bossie (sida rhombifolio) teen rumatiek en slangbyt aangewend, maar is by ons nie medisinaal bekend nie.[6]

---

1) Baron Sloet, p. 26 - 27.
2) Ibid., p. 38.
3) Ibid., p. 39.
4) Ibid., p. 39.
5) Ibid., p. 41.
6) Watt, p. 117.

By ons word die blougom (bloekom) - Eucalyptys globulus - se blare gebruik om knaagdiere weg te hou, en „Frequently the leaves are worn in the hat and placed about residences as a prophylactic against influenza."[1]

Weerspieëlend van vroeë toestande in ons volksbestaan is die soldatenbloem, van die Nederlands-Oos-Indiese Eilande afkomstig, en die Indische maagdepalm (Lochnera rosea) wat albei teen suikersiekte aangewend word.[2]

Soms vind ons in bloot die name genoegsame aanduiding dat sekere plant om hulle geneeskragtige eienskappe bekend is. Ons noem: aambeiebos, tandpynbessie, agdaegeneesbos, bitterwortel, koorsbossie, maagbossie, geneesblaar, vuilsiektebos, galbessie, gifappel, hongertee (om eetlus te bevorder), vermeerbossie, wormkruie (< wurm), siektetroos ('n verdowingsmiddel), slanghoutjies. Die volgende name dui op die giftige eienskappe van die kruie: duiwelsbrood, duiwelskos, slangkos. Die benaminge van geneeskruie het 'n belangrike bydrae tot ons taal gemaak. Die naamgewing berus hier op:-

1. Herinnering aan 'n soortgelyke plant wat in die vaderland bekend was, bv. vrouehaar, vaderlandsriet, vaderlandswortel.
2. Onkunde in verband met die geneeskrag van 'n kruid, bv. hondepisbossie, jobstrane, pynbossie.
3. Oorname van name en toepassing van kruie deur die inboorlinge gebruik, bv. dagga, boegoe.

Maar sulke name is 'n goeie weerspieëling van die volk se kennis en van sy vindingrykheid en geestesaard.[3]

Ook is kruiename vol voorbeelde van volksetimologie, wat ook 'n verskynsel in die volkswetenskap is. Dit is 'n ryk bron vir volksetimologiese verhaspeling van name: ons vind rate x rade; besuarpoeier > beswartpoeier > beesswart; polychrestpille > polgraspille; harsalorispoeier > salarispoeier; eau de Cologne > oude Kolonie; harmensdrup > hermansdrup; endressdruppels > inbruisdruppels; kraamdruppels > krampdruppels. Verdere voorbeelde vind ons in die etimolisering van cajaput > katjiepoet; brandnekel > brandneukel (brand= slaan); varing > farao; bronkors > boomkors; kermel > kêrel; wynruit > wynruik.

Die volk verbloem selde 'n begrip; eufemisme word weinig bewus aangewend. „Kieskeurigheid is een deugd, die de volksgeneeskunst niet kent."[4] Die estetiese sin verdoesel nooit sy gevoel nie; ons kan dit waarneem in die volgende gevalle: duiwelsdrek, hondepisbossie, perdepis, perdekluitjies.

---

1) Watt, p. 117.
2) Ibid., p. 129.
3) Vgl. Dr. Coetzee: „Volksgeneeskuns in S.A."
4) Van Andel, p. 36.

Tot die kruiemiddels in die Afrikaanse Volksgeneeskunde behoort klipsweet, wat 'n spesifiek Afrikaanse volkskundige verskynsel is.[1] „Dit is daardie swartbruin splinterige towermiddeltjie, wat so sorgvuldig toegedraai is in 'n wit linne lappie en tussen talryke vreemdruikende bondeltjies sy plek vind in die ‚huisaptekie' van elke verstandige vrou." Onder die boeremedisyne in die gewone trommeltjie van die sg. huisapteek word o.a. aangetref klipsweet, jakkalsmiertjie, 'n stukkie rou niervet van 'n bok, 'n gedroogde korhaanmagie, klipbokhare, 'noemie en bondeltjies droë kruie soos wildeals, wynruit en kalmoes. Só beskryf die skrywer van die artikel 'n tipiese huisapteek se bestanddele.

In 'n dop s w e e t goed word klip s w e e t gewoonlik aangetref (naam - simpatie) ... „Helaas, klipsweet het ook al die dood van baie dood-gedokterde bloedjies op sy kerfstok", meen die skrywer. Wat klipsweet eintlik is, kan ons opmaak uit die volgende woorde: „Volgens baie word klipsweet net gekry waar baie dassies is ..." maar die skrywer meen dis nie dassie-kruie nie. Dit is 'n sekere soort insek (hy gee geen nadere aanduiding nie) wat saampak in klompies, en sodoende 'n lagie vorm. Verder word dit teen die p l a f o n van grotte aangetref en op ander plekke waar geen dassies kan bykom nie.

In mej. E. J. Dykman se „De Suid Afrikaanse Kook, Koek- en Resepte Boek" word 'n groot aantal Afrikaanse sg. boererate aangegee.[2] Hierdie middels dateer hoofsaaklik uit die tweede helfte van die 19de eeu en kan nie eintlik geld as suiwer kruiemiddels nie, alhoewel daar talle rate in voorkom wat tog eie Afrikaanse skeppinge is. Ons het hier te doen met wat ons die kultuurwording van ons volksgeneeskunde kan noem. Hierdie rate toon dat baie spore van animisme óf verbleik óf heeltemal weggeraak het. Dit is 'n stygende lyn in ons volksgeneeskuns wat dit nader aan die kultuurwetenskap gebring het, en ons het rede om te glo dat hierdie proses vandag nog voortgaan. Die volkswetenskap styg wat die kulturele peil daarvan betref as gevolg van moderne opvoeding en algemene kulturele vooruitgang. Dit geskied ook onder die toenemende invloed van die kultuurwetenskap. Die ontwikkelingsgang van menige geneesmiddel bewaarheid hierdie stelling.

Die huisapteek se verskyning in die Afrikaanse Volksgeneeskunde baken die ontstaan van die kultuurverhoging daarin af. Daar is talle bronne wat wys op die aanwending, bewus, en met voorbedagte rade - wat dit van volkswetenskaplikheid in 'n enger sin beroof - van huismiddels van betreklik onlangse skepping in ons volksgeneeskunde. Klaar-gemengde middels is vroeg in die 19de eeu alreeds deur smouse op die plase in die Kaap verhandel.[3] Ook Spoelstra in sy boek, „Ons Volkslewe" en „Een Hollander" wys op die bestaan van die huisapteek

---

1) Vgl. „Die Huisgenoot", 23 Oktober 1936 - „Klipsweet" deur P. W. L.

2) Vgl. p. 127 - 175.

3) Vgl. „Voortrekkermense" I deur G. Preller, p. 240.

in die volksgeneeskunde. Die bekende Halle-medisyne, vervaardig deur 'n geneesheer te Halle, Nederland, is oorgeplant na Suid-Afrika vroeg gedurende die 19de eeu; Louis Trichardt het dit ook geken. In Kaapstad was ene C. F. Juritz die agent vir die verspreiding van hierdie middels. Onder andere het daaronder verskyn: essentia dulcis, essentia amara, pillulae contra obstructiones, pulvis vitalis, maagpoeieren voor de koorts, balsamus mineralis. Ook val as middel „deurmekaargoed" hieronder; dit is saamgestel uit 'n mengsel van die inhoud van al die flessies in die huisapteek. 'n Smeergoed is gemaak uit alles deurmekaar gemeng - kasterolie, lynolie met bywas gemeng en tot 'n pleister gemaak.[1]

Die inslag hiervan sien ons in 'n middel soos die volgende waarin spore van gewone kruiemiddels en 'n opperkultuur-inslag beide aangetref word: teen aambeie word kattekruie wat op brandewyn getrek is, gedrink, maar bygevoeg word: „haarlemmerolie is ook goed fer di lewer."[2]

Ons tref 'n baie tipiese „mengmiddel" aan in die volgende aanbeveling vir die genesing van aambeie: was en soetolie word tot 'n sagte salf gemaak met 'n stukkie harpuis daarin en vier of vyf druppels (let op magiese getalle) haarlemmerolie ('n Halle-medisyne-middel). Voorts moet die lyer in semelwater bad, of anders moet doeke wat in semelwater natgemaak is, teen die plekke gehou word om hulle sag te maak; nou word die salf aangesmeer. Is daar 'n pyn in die kruis by, moet wilde wingerdtoppe soos tee voorberei en gedrink word.[3]

Vir beroerte moet die aangetaste persoon dagga rook. As hy egter nie daartoe in staat is nie, moet 'n ander dit by sy mond inblaas „tot syn tong los gaan", dan kan hy self die dagga rook.[4]

Nog 'n voorbeeld van verhaspeling van ou vorms en bewuste nuwe vorming word in die middel vir benoude bors aangetref. Wit uie moet in dun skyfies gesny, en in suiker gepak word. Daarna word dit oornag in die dou geplaas „dat dit fan die dou kan sweet", en in die oggend word die water alles afgegooi. Dan moet dit op 'n spesiale wyse geneem word: vir 'n grootmens moet dit in 'n halwe eetlepel „pynkiller", drie maal per dag ingegee word.[5] Die uie, die dou en die „drie maal per dag" is egte volksgeneeskundige middels, maar 'n vreemde inslag is die „pynkiller"-middel.

En tog tref ons 'n aantal suiwer volksmiddels onder hierdie middels ook aan. Vir slegte bors word harde bokvet met roosmaryn, als en kruienaeltjies uitgebraai, op 'n lappie gesmeer en op die lyer se bors gesit.[6]

Verder word meel op 'n brandwond gestrooi, want „meel sluit die

---

1) Vgl. P. J. Nienaber, „Jan Lion Cachet met sy Sewe Duiwels, 1940, p. 25.

2) Dykman, p. 127.

3) Ibid., p. 128.

4) Ibid., p. 129.

6 & 5) Ibid., p. 131.

lug af." Naīewer is die volgende raat: „Skulpaddop gebrand en fyn gestamp en deur 'n dunne lappi gesif, die brandplek eers met soetolie gesmeer, en dan word die skilpaddopskaafsels op die wond gestrooi.[1]

Simpatie is die beginsel van 'n raat wat teen breuke aanbeveel word. 'n Turksvyblad word gebraai en d e u r g e s n y ; dit word twee of drie keer per dag op die breuk gelê.[2]

Van vroeë oorsprong moet die middel teen fyt wees. Vars klei word op die vinger gesit, saam met gestampte rosyntjies. Die blare van 'n kanniedood word natgemaak en in die middel van 'n blaar word 'n gat gesny, waardeur die lyer sy vinger moet steek. Op dieselfde wyse moet etlike blare aangewend word totdat die vinger genees is.[3]

Simpatie as gevolg van 'n kleurooreenkoms tussen siekte en geneesmiddel is die onderliggende beginsel van die raat vir geelsug:[4] eiers word in koue water geklits en gedrink.

Vir swellinge is 'n pap gemaak van die varkblaarkruid se wortels.[5]

Vir kanker word die geel van 'n hoendereier met tafelsout gemeng en teen die pynplek aangewend.[6] Buitengewoon is die middel vir seerkeel. In sulke gevalle moet turksvyblare onder as gebraai, en op die keel gelê word. Die wortels van hierdie middel gaan heelwaarskynlik terug in die middeleeue toe die begrip „Turk" sinoniem was met „heiden", d.i. 'n slegte invloed. Verbleekte animisme kan dus in die aanwending van hierdie middel skuil, as ons aanneem dat die turksvyblaar volgens die volksgeloof die wese van die keelsiekte sal skaad.

Op die volksgeloof berus die volgende geneesmiddel vir rottekoors: uie word in skyfies gesny, en onder die bed van die sieke geplaas. Verder moet 'n bad kalkwater iewers in dieselfde kamer aangebring word.[10]

Verbind met die animistiese opvatting in verband met die slaap is die aanwending van nugter spuug teen sere en vratte.[7] Nugter spuug sal meer krag hê omdat 'n mens gedurende die magiese verskynsel van die slaap in 'n bonatuurlike toestand verkeer.

Vrugbaarheidsimboliek is 'n beginsel van die middel wat aanbeveel word in gevalle van miskraam. In die volksgeloof geld die eier as 'n vrugbaarheidsimbool. In hierdie verband word uitgebrande eierdoppe wat fyn gestamp en uitgesif is, saam met suurlemoenwater aan die pasiënt gegee.[8]

Op magie berus die raat vir steekpyne. 'n Bierglas of 'n stuk glasruit word op die lyer se nawel geplaas nadat dit in water verwarm is.[9]

---

1) Dykman, p. 133.
2) Ibid., p. 133.
3) Ibid., p. 133.
4) Ibid., p. 139.
5) Ibid., p. 141.
6) Ibid., p. 144.
10) Ibid., p. 157.
7) Ibid., p. 157.
8) Ibid., p. 160.
9) Ibid., p. 162.

'n Eie Afrikaanse skepping is die middel vir water. Koolblare oor die vuur verlep, word op elke kuit van die lyer geplaas om die water „af te trek"[1] In dieselfde trant word teen wurms aanbeveel perskeblare wat fyngemaak en op die nawel gebind word.[2] Die naïewe domheid van die volk in sy denke in verband met geneeskunde blyk uit 'n middel teen wurms. Die aand voor die genesing sal plaasvind, moet die lyer niks eet nie „om die wirms uit te honger, dan smorens op die nugter maag 'n stukkie brood in die mond neem, om hulle na bome te lok, mar niks insluk nie; dan 'n sopi brandewyn inneem om hulle dronk te maak"![3]

Tot die Afrikaanse Volksgeneeskunde behoort in 'n ander sin die behandeling van plantsiektes. Dit is noodsaaklik dat die boer se vrugtebome gesond bly. Daarom werd hy geneesmiddels aan om sy bome en plante in 'n goeie toestand te hou.

Vir skurfte in lemoenbome word húlle met kalk en as gewit.[4] Aan-beveel word ook dat „waterpotte" (d.i. urine) gedurig naby die bome uitgegooi moet word. Dit is 'n „resep" wat die skryfster in „Di Patriot" gevind het.[5]

Om erdvlooie uit die grond te verwyder, moet die pensmis van 'n geslagte skaap in die leiwater aangebring word om daarmee op die land gevoer te word.[6]

Mooi sien ons die liggelowigheid van die volksmens, in besonder van die landman, uit bogemelde middels en opvattings i.v.m. siektes by die mens en die plante; die volksmens as natuurmens is nog nie kultuurmens nie, want hy is nie in staat om bewus-wetenskaplik en onsubjektief te oordeel en na te dink oor verskynsels wat vir hom vreemd is nie. Waar sy geestesvermoë tekort skiet om objektief te ontleed, is hy maar al te geneig om te wandel op die paadjie waar hy die minste weerstand ondervind: magie en animisme. Alles wat hy nie ken nie, skyn bonatuurlik te wees, maar aangesien alles 'n oorsaak volgens die menslike denke het, word die oorsaaklike kennis geskep as die volksmens die dinge buite hom probeer verklaar. Maar hy deins gou terug vir té veel verstandelike inspanning, en kies sodoende die aangename uitweg - die uitleg wat die tradisie gee, die oorlewerings uit ouer geslagte, en hy is heeltemal tevrede om die oordeel van vorige geslagte netso aan te neem en te aanvaar.

In die lewe van die volksmens en in besonder van die landman,

---

1) Dykman, p. 166.
2) Ibid., p. 171.
3) Ibid., p. 171.
4) Ibid., p. 204.
5) Ibid., p. 204.
6) Ibid., p. 204.

speel diere 'n belangrike rol. Intieme aanraking veroorsaak dat die landman 'n kennis opdoen in verband met die diere van sy omgewing. Die neiging om diere aan te wend in die volksgeneeskunde het ontstaan uit die wese van die mens self, sy waarnemingsvermoë, geestesvermoë, verstandelike vermoë, instink en gedagte-kapasitiet. Gedurende sommige tydperke in die geskiedenis is die mens se opvattinge in verband met diere in die geneeskunde bepaal of beperk deur een of ander algemene teorie in filosofie of religie, waarheidsnorm of norm in die bygeloof.

Van Andel se woorde oor die gebruik van die diereliggaam (balneum animale) in die Nederlandse Volksgeneeskunde is netso waar op Afrikaanse gebied: „De omhulling, die warmte en levensgeesten aan den lijder afstaat .... is ongetwijfeld het leidende beginsel bij die gevallen, waar het geheele lichaam aan het balneum animale wordt onderworpen, hoewel, als bij sooveel volksgebruiken, andere verklaringen niet zijn uitgesloten. Eenzelfde gebruik toch kan door meerdere voorstellingen worden beinvloed. Zoo wijzicht zich de oorspronkelijke, dynamische betekenis van de omhulling met de huid van een pasgedood dier, waardoor men diens levenskracht verwerft; bij verdere geestelijke ontwikkelingen in een communio met hoogere machten, wier eigenschappen de mensch op zich overdraagt, door zich met de huid van het totemdier, of het pasgedoode offer, de aardsche manifestatie van een godheid, te bekleeden .... Bij het tegenwoordig gebruik, met zijn duidelijke voorliefde voor jonge dieren, mag men aannemen dat deze gekozen worden, omdat zij noch een groote reserve aan levenskracht en energie bezitten.[1]" So verhaspel die aanwending van die h e l e dier naderhand totdat slegs 'n onderdeel van sy liggaam aangewend word.

Die idee van heeltemal in 'n dier soos 'n os of perd se liggaam in te klim ter afwerking van gif in 'n mens, berus op animisme. In 'n verhaspelde vorm gaan die dier se krag oor op die vel, lewer, hart, klou of tand wat in die volksgeneeskuns aangewend word. In die vorige eeu is oopgesnyde duiwe aan die voete van ylhoofdiges gelê,[2] 'n gebruik wat op 'n Christelike ontstaan wys, aangesien die duif 'n vername rol in die Nuwe Testament vervul. Die oeropvatting is dat die dier gif uit die menslike gestel kan „uittrek". So word 'n haan, hen of duif gepluk en oopgesny en teen swellinge aangebring.[3] Animisties word in die Nederlandse Volksgeneeskunde die vars huid van 'n bok aangewend in gevalle van onstoke wonde.[4] Van Andel meen dat die hedendaagse gewoonte om 'n kat of hond na bed te neem en teen die siek liggaamsdeel aan te bring, hiermee verband hou; die dier word volgens die algemene opvatting die slagoffer deur oordrag van die mens se kwaal.

1) Dr. A. Coetzee, „Volksgeneeskuns in S.A."
2) Van Andel, p. 59 - 61.
3) Van Andel, p. 65.
4) Van Andel, p. 66.

Van Andel meen dat die onsmaaklike middels wat so veelvuldig voorkom in die volksgeneeskunde, moet dien om die heldemoed van die gebruiker aan te toon.[1] Ons vereenselwig ons egter nie hiermee nie - dis eerder op die ou animistiese opvatting gebaseer om die siektewese te verdryf deur iets wat só uiters onaangenaam is, dat dit die doel sal bereik.

Verder word die leer van signatuur in die volksgeneeskunde aangetref. Die beginsel is hier verplanting van 'n siekte van 'n mens op 'n dier. Paddas word byvoorbeeld op wonde gelê om die kwaad daaruit te „trek", of hulle word om die hals gedra om keelpyn te genees.[2] Ons tref talle sulke voorbeelde in die Afrikaanse Volksgeneeskunde aan. Dr. Abel Coetzee vermeld 'n verblekingsvorm van genesing deur verplanting in hierdie verband. President Kruger se duim het eenkeer na 'n ongeluk bloedvergifting gekry. 'n Bok is geslag en hy moes sy duim in die dier se maag steek; 'n tweede bok was selfs nodig. In Bronkhorstspruit, Transvaal, word 'n s w a r t hoender of kat geslag en op 'n wond geplaas ter genesing. En as 'n slang in iemand se oog spoeg, moet 'n swart hoender geslag word, en die gesnyde deel moet op die oog geplaas word (Middelburg, Kaapland). In Ficksburg word fyt as volg behandel: laat die lyer sy arm in die maag van 'n pasgeslagte bok steek, of laat hy sy vinger in die anus van 'n hoender druk; die eerste paar sal vrek, maar met genesing nie meer ni, of druk die fyt-vinger in 'n snytjie wat in die maag van 'n platanna gemaak is; die platanna sal sterf totdat die vinger genees is. In een geval is aan dr. Coetzee meegedeel dat 132 platannas nodig was voordat die fyt genees is! Vir skerpioensteek moet 'n sny op die maag van 'n waterpadda gemaak word en teen die steekplek gehou word. Om stuipe teë te werk, moet 'n hoender oopgesny word nadat die nek omgedraai is. Voorts moet die lyer se voete in die hoender gesteek word. Om nierkwaal te genees, word 'n rooikatvel om die lende gevou. 'n Likkewaan- of palingvel word om die arm gedra om rumatiek te genees. 'n Verbleking van die omhullingsbeginsel sien ons in 'n raat soos die volgende: „slag die vel van 'n swart kat af, verbrand 'n stuk daarvan met hare en al tot as, maal tot poeier en neem in met water." Sterker animisties is die idee dat gaar varkspek dorings uittrek.

Suiwer animisties is die middel teen hoë koors wat voorskryf dat dassie-urine gedrink moet word in die veronderstelling dat dit die wese van die koors sal uitdryf.

Naas urine is mis 'n ander onsmaaklike middel wat in die Afrikaanse dieregeneesmiddels voorkom. By ons word ook warm perdemis teen stuipe aangewend, beesmis teen bloedvergifting, bokmis teen masels, hondemis aan die mond gesmeer om sproei te genees, wit gepoeierde hoendermis

1) Vgl. Van Andel, p. 36.
2) Vgl. Dr. Coetzee, „Volksgeneeskuns in S. A. "

teen bloedvinne, tering en asma, warm gansmis teen stuipe en haasmis teen brandwonde.[1]

Die dier in die volksgeloof stoel grotendeels op totemisme,[2] iets wat die plek van religie in primitiewe denke inneem, of in die regte sin van die woord: bygeloof. Ons tref hiermee idees aan soos: a) 'n dier het 'n beskermende funksie, b) 'n dier besit toekomsvoorspellende krag. So meen Freud dat die idee van die opoffering van Christus totemisties is, soos die offer van 'n dier om die gode te paai en gerus te stel. Die aanwending van die diereliggaam in die volksgeneeskuns mag dus ook beskou word as reste van die offer-begrip. Die hele dier verbleek deur gebrekkige oorlewering, totdat slegs 'n onderdeel van sy liggaam gebruik word as geneesmiddel.

In hierdie lig geld die behandeling vir benoudheid op die bors. Die hare van 'n klipspringer word gebrand, en die pasiënt moet die rook inasem. Maar dan kom 'n element eie-Afrikaanse volksgeloof by wat voorskryf dat die haresteil, en nie gekarteld moet wees nie.[3]

Soms is die wese en oorsprong van 'n middel, waarskynlik deur verhaspeling, taamlik duister: „Op den rug van het kind (wat aan 'n benoude bors ly), legt men een stuk grauw papier, bedekt met skoorsteenroet, al of niet gemengd met bokvet en kruidnagelen."[4]

Soms word 'n lyer aan inflammasie in 'n vel van 'n pasgeslagte bok gewikkel sodat die bloederige kant op sy bors rus met die hare na buite. Hierdie middel word, soos alreeds aangetoon, ook in die Nederlandse Volksgeneeskunde aangetref. 'n Eie Afrikaanse toevoeging neem aan dat as die pasiënt geen inflammasie het nie, die vel **vogtig** sal bly, en andersom. Ook word 'n pasgeslagte hoender op die bors van die lyer gelê.[5]

'n Verbleekte vorm van die hele liggaam is die ingee saam met wyn van die vliesies van gansvere teen koliek.[6]

Repies palingvel word in die Afrikaanse Volksgeneeskunde gedra om beenkrampe te voorkom.[7]

Die Transvaalse middel vir masels is 'n voorbeeld van volksgeloof en nuwevorming ineens. Hierskyn die hoofdoel te wees om die uitslag uit te dryf. 'n Glasvol menslike urine, 'n hoeveelheid swawel in wyn, en heuning en peper word inwendig gebruik. As die uitslag verskyn het, word die liggaam met spek ingevryf.[8]

---

1) V o l k s g e n e e s k u n s   i n   S . A .
2) T o t e m   a n d   T a b o o - S. Freud, p. 169.
3) Pijper, p. 13.
4) Ibid., p. 13.
5) Ibid., p. 17.
6) Ibid., p. 18.
7) Ibid., p. 20.
8) Ibid., p. 20.

Animisties in beginsel is die opvatting aangaande die nagmerrie. Daar word geglo dat die bloed stilstaan en daarom moet die slaper versigtig wakker gemaak word, anders sal die gees natuurlik geskok word.[1]

In sommige dele van ons land is malaria 'n gevreesde siekte. In die volksgeneeskunde is daar dan ook heelwat skeppinge wat om die opvattinge in verband met koors, die oorsaak en wese daarvan, geskaar is. Daar word aangeneem dat die oorsaak van koors stam uit wasems uit die grond; ook word dit veroorsaak deur te veel reent of andersinds deur te min reent, te groot hitte en vogtige hittedampe. Let wel dat m u s-kiete nie in hierdie lys opgeneem is nie. Maar eerder word geglo dat die eet van maroelas koors veroorsaak. Op hierdie gebied betree ons suiwer Afrikaanse skeppinge, daar hierdie siekte veral eie aan sommige dele van Suid-Afrika is.

Ons tref ook 'n aantal voorbehoedmiddels teen malaria aan. Knoffel word byvoorbeeld teen die muur opgehang, of die klere word besprenkel met eucalyptus-olie. Verder moet 'n mens nie na buite gaan voor die son skyn nie.

Na s e w e aanvalle is iemand eers teen koors gesout. 'n Meisie wat 'n aanval gehad het, mag nie dadelik trou nie, anders sal sy geen kinders hê nie.

Oor die algemeen is die opvatting dat koors nie deur medisyne bestry kan word nie, gehuldig. Dit is naamlik 'n wese binne die gestel.[2]

Omtrent sewentig bye word gevang om een-vir-een op 'n rumatiekplek te byt, om dit te genees.[3] Dit is 'n middel wat suiwer op die volksfantasie stoel, of andersinds kan dit 'n verbleekte vorm wees van 'n ouer geneesmiddel.

Uit die aard van vallende siekte is dit geen wonder dat 'n raat wat bewys lewer van 'n animistiese inslag daarvoor aangewend word nie. 'n Valk of swart hoender word gekook met vere en al en die sop word gesyfer en elke môre op die nugter maag ingegee.[4]

Suiwer uit die sfeer van die volk stam die raat vir watersug deur Pijper aangegee.[5] Vul twee varkblase met die urine van die pasiënt en hang dit buite. As die water in die blase die volgende oggend verdamp het, sal die water ook weg wees. Ons het hier te doen met animistiese simpatie in die volksgeneeskunde. Die wese en aard van die siekte moet deur iets gelykgeaards genees word.

'n Baie ou middel is die vir witseerkeel. Op 'n riet of gansveer word wit gepoeierde wolwemis aangebring en in die keel gesmeer. Ook word gepoeierde hoendermis met behulp van 'n hol rietpypie in die lyer se keel geblaas. Om die sere „uit te trek" word 'n pleister van bokvet

---

1) Pijper, b. 20.
2) Pijper., p. 18 - 19.
3) Pijper, p. 19.
4) Ibid., p. 22.
5) Ibid., p. 23.

of vomeersel om die keel geplaas.[1]

Subjektief, en tipies van die volk se denkvermoë, is die raat vir kanker. Rundergal moet in sulke gevalle ingevryf word.[2] Dit is moeilik om die oorsaak en gevolg in hierdie verskynsel agter te kom. Aan die eenkant dra dit spore van volksverbeelding in die volksdenke, en andersinds mag dit 'n reste wees van 'n ouer dieremiddel.

In die volksgeneeskunde bestaan die opvatting „gelyk genees gelyk". Daar bestaan vir die volksmens 'n fantastiese ooreenkoms tussen 'n siekte en die oorsaak en die middel daarvan. Hierdie opvatting van ooreenkoms berus op die verbinding van oorsaak en gevolg van verskynsels in die lewe en natuur van die volksmens. As 'n hond iemand byt, word van sy hare geneem, gebrand en in die wond geplaas.[3]

Onder die Afrikaanse dieremiddels word verder aangetref: bloed van hase, honde, skilp aaie en geite; wolwemis, perdemis, beesmis, bokmis, hondemis, hoendermis; urine van hase, die mens; bokgal; slangvel; lewer van skilpaaie en jakkalse; rou vlees; lintwurm; sprinkane; byewas; korhaanmaag; eierdoppe van hoenders, volstruise en skilpaaie; goor botter en vet; spinnerak; luise; weerluise.[4]

Die volksgeloof is in al die dieremiddels 'n onderliggende basis. Op die volksgeloof stoel die opvattinge in verband met die meeste verskynsels in die volkskunde, dus ook die volksgeneeskunde. In hierdie opsig kan die opvattinge in die volksgeloof nie uitgesluit word nie, aangesien die oudste spore in verband met hedendaagse volksgeneeskundige verskynsels wortels het in die Germaanse en ander volksgelowe.

In die heidense opvattings in verband met toordery en religie in die Europese stamlande het die bok, haas, slang, kat en hond 'n baie vername rol ingeneem. Hierom word bokmis en bokvet en die ander genoemde dieremiddels in die volksgeneeskunde aangetref.

Die haas was geheilig as een van die diere wat eerste die aantyging van die lente aanwys, en is nou verbonde met 'n aantal Germaanse godelegendes en lentegebruike. Die paaseiers wat die haas bring, haasurine vir doofheid en haasbloed vir roos, stam uit hierdie opvattings.

Katte word tradisioneel met hekse vereenselwig. Veral s w a r t katte geld in hierdie verband. By ons dien s w a r t lappe en s w a r t hoenders nog in 'n besondere verband in ons volksgeneeskunde.

Slange het van oudsher af die mens se aandag getrek. Slange en dele van slange is van ouds aangewend as toorgoed. Die offisiële wapen van die kultuurgeneeskunde het as vernaamste motief twee slange. Slangvel, slangvleis, slangbloed en selfs slanggif word in ons volksmedisyne aangewend.

---

1) Pijper, p. 24.
2) Ibid., p. 26.
3) Ibid., p. 28.
4) Schonken, p. 68.

Onder die bekendste volksmiddels kom hondebloed en hondehare voor.

Die menslike afskeidings is beskou in 'n animistiese verband met die persoon wat dit afgeskei het. Hiervandaan kom die gebruik van byvoorbeeld menswater vir 'n menigte siektes. Dit word gebruik in die hedendaagse volksmedisyne, byvoorbeeld as 'n vomitief by slangbyt en vergiftiging. Dit word gebruik vir ekseem, roos, fyt, veldsere. Mensvet, mensebloed, menshare en menstande word ook in die volksmedisyne aangewend.

In ons volksgeneeskunde word talle middels aangetref wat op bogemelde beginsels berus. Ons het alreeds melding gemaak van die ou volksgeloof: Similia similibus curantur (soort genees soort). Die naturel glo as hy katvleis eet, word hy self taai en slu soos 'n kat.[1] Die Afrikaanse gebruik om lewendige skilpaaie fyn te stamp en die sap deur 'n doek te gooi en vir kwynende kinders of teringlyers in te gee, berus op die feit dat skilpaaie 'n baie taai konstitusie het en dit dus aan die mens sal oordra.[2] Om wurms te genees, neem die wurms wat afgeskei word, maak dit baie droog, stamp fyn en gee vir die pasiënt in.[3]

Nog 'n rede waarom die mis van diere in die volksgeneeskunde aangetref word, is dat hierdie diere in die veld kruie eet, en gevolglik is al die genesende waarde daarvan in die mis gekonsentreer, of in die dier se vel. Ons lees in „Die Huisgenoot": „ek herinner my ook nog goed dat die warm vel van 'n pasgeslagte bok in ons buurt gebruik is as 'n middel teen inflammasie."[4]

Vir dowigheid sny 'n haas oop en druk die water uit die blaas in 'n botteltjie, of steek 'n pluisie haaswater in die oor.[5]

'n Voorbeeld van die opvatting dat „gelyk genees gelyk" word aangetref in die middel vir bytplekke deur giftige insekte of diere. 'n Skerpioen wat in soetolie gesteek was, word op die plek gesit.[6] Ook word die giftige dier doodgemaak en in stukke gesny wat dan op die bytplekke gelê word.[6]

Vir „Vuur" word 'n hele aantal dieremiddels in die Afrikaanse Volksgeneeskunde aangetref. Beesmis met asyn vermeng, word opgesit, ook menslike urine wat saam met als gekook is, en verder word die lyer aanbeveel om bok-pensmis op water te laat trek en die water te drink, of hondebloed word ingegee.[7] Die idee van die vuur heg geloof aan 'n

---

1) Vgl. „Die Naweek", 25 Maart 1943 - „Boererate en hul Oorsprong."

2) Ibid.

3) Ibid.

4) „Die Huisgenoot", 11 Desember 1936 - „Raad in Tyd van Siekte by die Voortrekkervrou" - Anoniem.

5) Vgl. Dykman, p. 133.

6) Ibid., p. 135.

7) Ibid., p. 137.

animistiese demoniese wese in die siekte. Simpaties wat die kleur betref, is die begrip v u u r en die rooi kleur van die hondebloed.

Vir gifsmeer of „Hottentotsmeer" word die volgende raat aanbeveel: „Wit uie opsit, tot dit uitgeval is, dan met slangfel dit genees." Ook kan gedroogde rooi-sprinkane tot 'n poeier gemaak, en opgestrooi word.[1]

Om graweel (stene in die blaas) te genees, word 'n middel aangetref wat van die haas afkomstig is. Warm haaswater word in die lyer se blaas se blaas ingespuit, ook kan die haasurine gedrink word. Versmee met die rol van die haas in die volksgeloof, is die simpatiese opvatting in verband met die siektewese en die geneesmiddel - beide geskaar om die begrip urine.

Vir hik moet iemand die rook van brandende hoendervere inasem.[2]

„As 'n kind tande kry, en hulle fomeer en lakseer daarby, dan is niks so goed as 'n stuk miirhoop waar nog miire in is in di fuur gebak, tot dit rooi is, dit in 'n kom water geset en laat trek, geef dan di kind so feul as hy wil drink." Dit neem die „inwendige vuur" weg.

Vir stuipe by kinders word 'n Spaanse vlieg op op die maag gesit en as dit 'n blaas trek, sal die stuipe breek.

In die Afrikaanse volksgeloof word geglo dat die hare van 'n kat tering veroorsaak. Op assosiasie in verband hiermee berus die raat wat katdoringwortels teen die siekte aanbeveel.[3]

By die behandeling van wurgsiekte word 'n hele aantal diregeneesmiddels aangewend. Wolwemis of hondemis word in die keel geblaas. Hier het ons weer die idee dat iets onaangenaams alleen die wese van hierdie aandoening kan beskadig. Ook word die sap van 'n fyngestampte skilpad ingegee. „Jy kan ook 'n duif of kat oopsny en so warm op die keel binde."[4] Verder kan die vars gal van 'n bok ingegee word teen hierdie aandoening.[5]

Soms word geglo dat die aarde ook geneeskragtige eienskappe besit (Terra sigiletta). Volgens die Griekse opvatting is sulke grond rooi van kleur en dit voed geen plante nie. Hierby kom die opvatting dat die moederaarde van die eie land sterk is en krag besit om die bewoners te dra. In die Germaanse volksgeloof gee dit aanleiding daartoe dat pasgebore seuns op die grond neergelê word sodat hulle groeikrag daardeur kan bekom. In die geneeskunde is die ingee van erdwurms teen 'n aantal siektes waarskynlik 'n verhaspeling van hierdie ou volksgeloof.[6]

1) Dykman, p. 139.
2) Ibid., p. 140.
3) Ibid., p. 142.
4) Ibid., p. 164.
5) Ibid, p. 173 - 174.
6) Vgl. Van Andel, p. 170.

Nes die geval by die plante, word daar deur die boer ook veel aandag bestee aan die welsyn van sy vee. Deur ervaring leer hy hulle bepaalde siektes ken, en hy wend ook geneesmiddels aan om veesiektes te bstry. In 'n breër sin vind die toepassing van mensemiddels op diere plaas.

Blindheid onder skape word veroorsaak deur „'n klein wurm' in die voorste gedeelte van die oog. Die middel hierteen is 'n paar druppels soetolie, of fyngemaakte volstruiseierdop word in die oë aangebeing.[1] Suurlemoensap om die „koors uit te drywe" word in gevalle van beksiekte aangewend. Dikkop onder skape word genees deur 'n kepie in die dier se keel te sny sodat die „vog" (let op animistiese idee i.v.m. demoon-uitdrywing) kan uitloop. In gevalle van papies tref ons die volgende geneesmiddel aan:[2] „As 'n perd op weg di kniksiikte kry, is (dit) goed (om) op di punt fan di stert 'n bossi hare uit te trek, dit help dadelik."

Veral die huisdier is die boer se vriend, en daarom doen hy moeite om hulle gesond te hou. Die boer is sy eie veearts. In hierdie **verband** vorm die name van baie veesiektes 'n aansienlike toevoegsel tot ons taal. Ons noem onder andere: brandsiekte, galsiekte, lostande, miltsiekte, opblaas, pisgoed, perdesiekte, droes, nuwe- of suikersiekte, snotsiekte, sponssiekte, slaksiekte; 'n paar volstruissiektes heet: geellewer en wurms wat gedurende die bloeityd van hierdie boerdery beide met kasterolie - ook menslike medisyne - behandel is; verder vuursiekte,[3] geeldikkop wat deur die dubbeltjiesdoring (Emex Australis) veroorsaak word,[4] krimpsiekte, ook bestaan daar geloof aan 'n aantal plante wat veesiektes veroorsaak, bv. pisgoed, styfsiektebos, jagsiektebossie (crotalariosis equorum), kalwerbossie (Pel. sidoides) wat gebruik word om wurms in kalwers uit te dryf,[5] ou-ooibos. Die armoedsbos kan soos die naam aandui, groot skade onder skape aanrig as dit geëet word.[6] Maakgou < Suto: makou x makaou x moyao veroorsaak 'n baie skielike dood by die dier wat dit eet. Skitterybossie, kalkoengif, beesbossie en ganssiektebossie is name wat selfverklarend is.

In ons volksgeneeskunde neem die opvattinge in verband met die behandeling van slangbyt 'n besondere plek in en verdien dus afsonderlike behandeling. Die bekende Suid-Afrikaanse kundige op **hierdie** gebied, dr. F. W. Fitzsimons skryf as volg hieroor:[7] „Baie mense glo

---

1) Dijkman, p. 187.
2) Ibid., p. 198.
3) Ibid., p. 187 - 203.
4) Watt, p. 40.
5) Ibid., p. 83.
6) Ibid. p. 85.
7) Fitzsimons, F. W.: „Slange in die Behandeling van Slangbyt,." 1929, p. 8.

nog vas aan verskillende populêre genesings nieteenstaande die feit dat uitgebreide proefnemings daarmee ondoeltreffend geblyk het." Die „populêre genesings" is die aangewese terrein vir volksgeneeskundige ondersoek.

Die volksopvatting dat alkohol gedrink moet word na slangbyt, is volgens dr. Fitzsimons onwetenskaplik, aangesien dit die toestand, volgens proefnemings, vererger.[1]

Oor 'n middel wat hy I s i b i b a noem, skryf hy as volg:[2] „Dit is 'n welbekende middel teen slangbyt onder die inboorlinge en baie van die blanke landverhuisers stel volkome vertroue in sy krag om slangbyt te genees. Dit is hoofsaaklik saamgestel uit die fyngestampte wortels van 'n plant wat net aan die toordokter bekend is, wat dan met droë slangkoppe gemeng word. 'n Bietjie van die poeier word met water gedrink, en 'n smeersel daarvan word dan ingevryf in die wonde wat deur die giftande van die slang gemaak is." Die slang se liggaam word aangewend om die siekte deur hom veroorsaak, te genees, eg-volkskundig, maar daarby kom 'n duidelike inslag van inboorlingopvattings in verband met die towerkuns.

Nog 'n volksmiddel teen slangbyt beveel „Stockholm"-teer aan. Dit moet op die wond geplaas word met behulp van 'n doek wat daarin natgemaak is. „Ander manier om hierdie middel aan te wend, bestaan daarin om die teer in die vorm van 'n ring rondom die aangetaste ledemate tussen die bytplek en die hart te smeer. Dit word veronderstel dat die gif nie by hierdie merk verbykom nie, en dus teruggedryf word en saam met die dooie bloed by die wond uitvloei."[3]

Ons „hoendervleis-geneesmiddels" stam waarskynlik uit die klassieke tye. Plinius skryf: „As hoendervleis gebruik word so lank as dit nog warm is, neutraliseer dit die slanggif." By ons word 'n lewendige hoender of ook 'n duif geneem, die voël se bors word oopgesny, en die warm liggaam word op die bytplek gesit waar die vleis oopgekerwe is - die vleis sal dan volgens veronderstelling die gif op hierdie wyse uittrek.[4] Aan ons is meegedeel dat die afkoelende ingewande, spier- en senuweetrekkings veroorsaak wat 'n suiging veroorsaak.

Maar pypolie is ook 'n bekende middel teen slangbyt. Dit word in die bytplekke ingevryf, terwyl 'n paar druppels van die olie met 'n glas onverdunde brandewyn gemeng en deur die pasiënt ingeneem word. Dr. Fitzsimons meen dit verswak die lyer en kan hom maklik om die lewe bring.[5]

Slangonderdele wat ook in die volksgeneeskuns teen slangbyt aan-

---

1) Fitzsimons, p. 10.
2) Ibid., p. 53.
3) Ibid., p. 56 - 57.
4) Ibid., p. 57.
5) Ibid., p. 57.

gewend word, is slangbloed en slanggal.[1] Hierdie middels is ook onder die inboorlinge in gebruik. In die geval van die slanggal, word die hele galblaas van die slang ingesluk.

Die slangsteen as middel vir slangbyt, vertoon baie ou spore. Dit is 'n Europese skepping wat na Suid-Afrika verplant is met die volksplanting aan die Kaap. Veral onder die Indiërs is die slangsteen in groot aanvraag gewees. „Party is uit gebrande bene saamgestel wat 'n paar keer met bloed deurtrek en dan weer gebrand word. Daarna word hulle gevorm en glad gevryf, met die een kant effens hol. Ander word gemaak van kryt en samestellings van plante wat saamgepers word en drooggemaak word. Die besoor, een van die bekendste slangstene, word in die pensie van verskillende herkouende en ander diere aangetref en bestaan uit 'n verhouding van kalkfosfaat rondom 'n ekstrak wat deur 'n lintwurm veroorsaak word. Dit is gewoonlik in die vorm van 'n boontjie, een-en-'n-halfduim lank by 'n kwartduim (breed) en omtrent 'n agste tot 'n kwartduim dik. In die behandeling van slangbyt word die steen op die oopgekerfde vleis van die wond aangewend. Dan trek dit die gif, so word beweer, uit."[2]

Jan van Riebeeck skryf in sy dagverhaal op 30 Julie 1656 van 'n p e d r a  p o r c o wat hy in 'n vark laat soek het, maar egter nie gevind het nie:[3] „brachten onse beestewachters een ijser - ofte egelvorcken thuys, in welche sommige meenen dat den costelijcken steen P e d r a p o r c o soude wesen, des denselven opgesneeden ende overal wel doorsocht is, maar wierd niets gevonden." Hy vertel ook van 'n adder wat 'n Hottentot gebyt het.[4] Die been is styf omgebind net onderkant die knie sodat die bloed nie kon sirkuleer nie, en klein snye is onder die voet gemaak. Warm, vars koeimis is op die plek gesmeer, terwyl 'n Hottentotmeid aan die wond gesuig het om die gif te verwyder.

Onder die vroeë koloniste is geglo dat 'n sekere soort slang 'n slangsteen op sy kop het. Hierdie steen sou wonderbare geneeskrag besit. Kolbe vermoed 'n geval van 'n kind wat deur 'n slang gebyt is; teen die bytplek is so'n slangsteen gelê, wat soos 'n spons die gif opgesuig het. Toe die steen vol was, is dit in melk geplass wat toe die gif opgeneem het en geel geword het en die steen sodoende weer gereinig het. Thunberg, wat ook onder die koloniste rondgereis het, meld ook 'n soortgelyke verskynsel. Hy is van mening dat die steen deur Indiese Brahmane vervaardig is, en dat dit nie van natuurlike oorsprong is nie. 'n Ander reisiger, John Barrow, skryf dat dit 'n sponsagtige steen is. Selfs in 1938 en in 1939 is as gevolg van 'n artikel in „Die Brandwag", berigte i.v.m. die slangsteen ontvang.

---

1) Ibid., p. 62.
2) Vgl. ook: Van Andel, p. 107 - 110.
3) Riebeeck, Van J.: „Daghverhaal" - II, p. 80.
4) Ibid., p. 129.

Almal het groot waarde en geloof daaraan geheg. Een persoon in Benoni het selfs so 'n steen in die bank gedeponeer vir veiligheid. In een geval het iemand dr. Coetzee berig dat hy 'n aanbod van £800 vir so'n „slangsteen" geweier het. Soiets wys hoe kragtig hierdie brokkie volksgeloof vanaf die vroegste tye by ons voortwoeker. Twee stene is aan dr. Coetzee toegesend wat hy laat ondersoek het. Die een was 'n egte bezoar (die woord stam heelwaarskynlik uit Persies: pazar x pazachar, wat „bok" en „teengif" respektiewelik beteken).[1] Hierdie steen is ovaalvormig en word aangetref in die maag, galblaas, speekselpype en pineale kliere en in die ingewande van diere wat tot die orde R u - m i n a n t i a behoort. Sommige is afkomstig van die Europese gazelle. Van oudsher af is die geneeskragtige eienskappe aan hierdie stene toegeskryf. Dit is in 'n poeiervorm gedrink en om die nek as afweermiddel gedra. In Portugal is dit soms teen 10/- per dag verhuur. Ou naturaliste beskryf die oorsprong van die slangsteen op die volgende wyse: Oosterse bokke eet s l a n g e as hulle oud word om hulle jeugdigheid te herstel; om die gif teë te werk, wat deur die eet van die slange in hulle sisteem ingekom het, het die bokke in lopende water gespring sodat net die kop uitsteek. In hierdie posisie het die son die vloeistof in hulle oë laat stol en die bezoar gevorm.[2]

Ons sien hieruit dat die slang alreeds in die oertyd in verband met die bezoar gebring is. Van Andel deel mee dat die opvattings in verband met die bezoar uit die geskiedenis van die Hebreërs en Arabiere ook dateer. Volgens Van Andel word die steen in 'n bok se maag gevorm volgens die volksgeloof deurdat die bok allerlei aromatiese kruie in die veld eet.[3] Die steen is dan 'n konsentrasie van die geneeskundige krag van daardie kruie en blare. Die steen is veral goed as 'n teengif, en poeier daarvan word ingeneem teen inwendige vergifting. Ook word 'n ring van die bezoar gedra as afweermiddel van alle siektes. In die Ooste word die steen oor die algemeen as 'n versterkmiddel gebruik.

Mettertyd, deur mondelinge oorlewering en volkskundige verhaspeling, verbleek die bezoar tot die nier-, gal- en blaasstene wat vandag in die volksgeneeskunde aangetref word.

In elk geval skyn die volksgeloof in verband met die bezoar in die Ooste ontstaan het. Dit is waarskynlik skepping te wees wat in die Ooste ontstaan het. Dit is waarskynlik so oud soos die Indo-Europese volk self. 'n Bewys van die tradisievastheid van alle volksopvattings is die feit dat dit vandag nog voortleef.

Die slangsteen en die paddasteen in die volksgeneeskunde is dan ook waarskynlik vervormings van die volksgeloof i.v.m. die bezoar. Deur die volksmens word fantastiese idees gehuldig oor die krag van diere (en plante) waaraan bowe-dierlike kragte toegereken word.

1) „Volksgeneeskuns in S.A." - dr. A. Coetzee.
2) Vgl. Annandale, C. : „Popular Encyclopaedia" -II, onder Bezoar.
3) Van Andel, p. 95 - 96.

In die kop van die padda word volgens antieke opvattinge 'n steentjie gevind wat veral teen swellinge en ontsteking aangewend word.[1] Dit besit die eienskap om gif uit te trek. Die steen self kan „sweet" en raak sodoende weer daarvan ontslae. As dit warm word gedurende kontak met 'n plek waarin volgens vermoede gif is, is dit 'n bewys dat die vermoede gegrond is.

Dit is eienaardig dat 'n steen wat afkomstig is van 'n dier wat in die volksgeloof giftig is, moet dien om gif teë te werk. Maar dis gegrond op die onbewuste algemeen menslike neiging om oorsaak en gevolg met mekaar te verbind. Dat dit nie toevallig blote fantasie is nie, bewys die feit dat serumwees en vaksine vandag gemaak word wat van die gif van die giftige dier self afkomstig is. Animisme speel hierby meer 'n rol: 'n onderdeel van die dier sal die orenda van die dooie dier se lewende wese en eienskappe besit, en daarom kom daardie eienskappe in die dier se dooie onderdele ook voor.

Hoe word 'n paddasteen verkry? Sit 'n padda op 'n rooi doek; hy sal hom behaaglik uitrek, en na 'n ruk spoeg hy die steen uit.

Shakespeare was ook bekend met die volksgeloof oor die paddasteen:

„The toad, ugly and venomous
Wears yet a precious jewel in his head."

Nie minder interessant nie, is die volksopvatting oor die ontstaan van die slangsteen:[2] van tyd tot tyd hou slange 'n vergadering en lê met hulle koppe bymekaar in 'n kring. Hulle skei dan 'n vog af wat deur een of ander van hulle gedrink word. In hom stol dit en word hard soos glas; dan spuug hy dit weer uit. 'n Ander bewaar dit vervolgens. As 'n mens die steen in die hande wil kry, moet hy die slang agter die kop neerpen met 'n lang stok wat 'n mik vooraan het. In sy angs sal die slang dan die steen uit sy bek laat val.

In die volksgeloof is hierdie klip dan 'n konsentrasie van alles wat as 'n teëgif vir slangbyt kan geld. So word in ons eie volksgeneeskunde die volgende raat vir slangbyt aangetref: „Sit op die byt slangsteen en wyn."[3]

Ten slotte kan in hierdie verband nog 'n aantal Afrikaanse middels vir slangbyt gemeld word. Ons maak geen aanspraak op volledigheid nie. Soiets is uit die aard van die saak onmoontlik, maar vraelyste kan ongetwyfeld met vrug aangewend word om dit in die hand te werk. Ons is egter hierby alleen aangewese op literatuurbronne.

Algemeen bekend is die akkedisgeneesmiddels. Inboorlinge in Suidwes-Afrika maak 'n akkedis dood, droog dit en verpoeier dit. „Hierdie, nes ander geneesmiddels vir slangbyt, is volledig in die museum op Port Elizabeth getoets, en dit is bewys dat hulle van geen genesende waarde is nie.[4]

---

1) Vgl. Van Andel, p. 161 - 167.

2) Vgl. Pijper, p. 41.

3) Dijkman, p. 135.

4) Fitzsimons, p. 62.

Omstreeks 1919 is die opvatting algemeen in die Transvaal gehuldig dat die wond in gevalle van slangbyt „uitgedruk" moet word om soveel gif moontlik uit te kry.[1] Solank as daar s w a r t bloed uitkom, is al die gif nog nie verwyder nie. Die begrip i.v.m. die s w a r t bloed wat vol onheil is, kan teruggevoer word na die begrip van swart towerkuns deur hekse beoefen.

Inwendig moet iemand wat deur 'n slang gebyt is, die poeier van gebrande kalbaspitte drink. Ook word gestampte uie op die wond geplaas.

As die slang wat vir die byt verantwoordelik is, in die hande gekry kan word, moet 'n stuk van sy liggaam op die plek geplaas word.

Soms word kruit op die wond gelê en aan die brand gesteek. Onder die middels teen slangbyt behoort ook lampolie, wat deur dr. Coetzee opgeteken is.[2] Mej. Dijkman beveel brandewyn en asyn inwendig aan in gevalle van slangbyt. Verder „'n kooltji fuur op di plek te sit en an te hou tot dit ni meer dood gaan ni."[5] Dit is 'n suiwer inslag van die volksgeloof.

Ook word die hoendergeneesmiddel aanbeveel, maar in hierdie geval word nie spesifiek bepaal dat die kleur van die hoender swart moet wees nie. Neem 'n lewendige hoender en maak 'n snytjie in sy bors en druk dit teen die bytplek en hou dit so teen mekaar vas totdat die hoender dood is. Neem vervolgens die dooie hoender weg en herhaal dieselfde proses met 'n ander een. Hou so aan totdat die hoender nie weer doodgaan nie; gewoonlik is dit die agste hoender. Gee intussen soveel soetmelk vir die pasiënt om te drink as wat hy kan behartig.

In „Ons Klyntji" van 1903 merk ons dat die kultuurwetenskap al deurgesyfer het tot die volkswetenskap. 'n Middel wat vir slangbyt aanbeveel word, is permanganaat van potassium![3]

In die Engelse Volkskunde word besmeringsformules aangetref by die behandeling van slangbyt - iets wat ons weet, nie in die Afrikaanse Volksgeneeskunde voorkom nie, alhoewel ons die bestaan daarvan nie in twyfel trek nie.

Stukkies haselhout word in die vorm van 'n kruis op die wond gelê, en die volgende rympie word twee keer herhaal:[4]

„Underneath this hazelin note
There's a bragotty worm with a speckled throat
Nine double is he;
Now from eight double to seven double,
And from seven double to six double, ens. tot by:

And from one double to no double,
No double hath he."

Die neiging is hierin om die „wurm" te mislei deur 'n ingewikkel-

---

~~1) [illegible], p. 62~~
1) Pijper, p. 40.
2) „Volksgeneeskuns in S.A."
5) Dijkman, p. 160 - 161.
3) „Ons Klyntji", Jaargang 8, nr. 3, Junie 1903, p. 6.
4) Northall, G. F. „English Folk-Rhymes", 1892, p. 125.

de rekenkundige probleem, 'n vorm van die volksvernuf waarop ons alreeds gewys het.

Toepaslik is ten slotte die volgende woorde van M. A. van Andel: „Bepalen wij ons tot de slang, dan zien wij, dat adder en slangenbeten bij de meest verschillende volkeren genezen worden door den kop, de lever, het vleesch, de hersenen, de huid of andere deelen van het dier, dat gebeten heeft, op de wond te liggen."[1]

In die Afrikaanse Volksgeneeskunde word ook waarde geheg aan die mitologiese geneeskragtige waarde van die eenhoring (unicorn).[2] Dit is 'n dier wat vanweë die Indiese volksgeloof oor Europa versprei het waar dit algemeen bekend is. Vandaar het dit Suid-Afrika bereik. In die geneeskunde word geloof geheg aan die geneeskragtige eienskappe van veral die horing van hierdie dier. Dit is algemeen bekend as 'n middel wat gif aanwys. Thunberg skryf dat die koloniste horingskaafsels vir kinders wat stuipe het, ingegee het. 'n Beker wat uit die horing van 'n eenhoring gemaak is, laat die inhoud oorkook as daar gif in is.[2] Aan die Kaap het 'n jong renoster se horing hierdie rol vervul.

Die oorspronklike vorm van die dier het die lyf van 'n perd gehad met 'n enkele horing teen die voorkop. Aan die Kaap is hierdie vorm gelokaliseer om by die omstandighede aan te pas.

Naas Thunberg meld ook Lichtenstein (deel I, p. 169) dat 'n beker wat van die horing van 'n renoster gemaak is, by magte is om gif daarin aan te dui deur op te bruis.

Dr. Coetzee meen dat die geloof aan die hoedanighede van hierdie dier tot diep in die 19de eeu in Suid-Afrika bly voortleef het.[3] Dit skyn veral asof die bestaansgebied van hierdie opvatting die Groot Trek was.

'n Verbleking van die eenhoring as geneesmiddel kom uit Paardeberg. Om goormaag te verwyder, word die skaafsels van 'n bokhoring bruin gebraai, op kookwater laat trek, en vervolgens word die water gebruik.[4]

Teen benoudheid en om senuwees te versterk word vyftien druppels „gees van hartshoring" (bokhoring) ingeneem.[5]

Sulke voorbeelde is kinders van die volkswetenskaplike se fantasie. Van Andel noem die eenhoring 'n „hersenskim"[6]. Maar die oorsprong van hierdie verskynsel in die volksgeloof van die meeste Europese lande is so oud dat ons miskien kan aanneem dat dit die verhaspelde vorm van 'n pre-historiese dier is wat in die oermens se be-

---

1) Van Andel, p. 57.
2) „Volksgeneeskuns in S.A.", dr. A. Coetzee.
3) Ibid.
4) Ibid.
5) Dijkman, p. 130.
6) Van Andel, p. 8.

wussyn bly voortleef het.

Die heel eerste beskrywing van die dier word in Plinius se „Historia Naturalis" aangetref. In die Bybel in Job 39 : 12 sien Van Andel ook melding daarvan.

Onder die skatte van koningin Elizabeth van Engeland, in Windsorkasteel word die reste van een bewaar waarvan die waarde op £10,000 geskat word.[1]

Ons kan volstaan met 'n Afrikaanse opvatting aangaande die eenhoring.[2] Dit is volgens John Barrow se beskrywing in R e i s e in S u i d - A f r i k a , deel I, bladsy 275 : „Adriaan van Versfeld, Van Camdebo, in die Graaff-Reinetse distrik, het enige jare gelede by die punt van die Bamboesberg 'n dier geskiet wat heeltemal onbekend is aan die koloniste. Die beskrywing wat hy my op skrif gegee het daarvan wat hy oorgeskrywe het van 'n aantekening wat hy die tyd gemaak het, was die volgende: ‚Sy fatsoen kom die naaste by die van 'n kwagga, maar hy was baie groter, omtrent vyf voet hoog en agt voet lank, sy kleur was geelagtig, met swart strepe, waarvan vier krommes op die blad voorkom, en drie breë golwende strepe van die blad af tot op die heup; sy maanhare was kort en staan orent; die ore was ses duim lank, en met strepe dwarsoor; sy stert is soos die van 'n kwagga; v l a k v o o r s y k o p w a s ' n h a r d e b e e n u i t g e g r o e i m e t h a r e b e d e k , n e s ' n h o r i n g m e t h a r e e n al 1 0 d u i m l a n k ."

Hierna het ene Tjaart van der Walt dieselfde dier op dieselfde plek gesien. Ook word ene Mathinus Prinsloo genoem van Bruintjieshoogte wat „agter die berg verskeie wilde perde gesien (het), heeltemal anders as die kwagga of die sebra; en die sendeling Van der Kemp maak melding van 'n gestreepte perd wat ongelooflik vinnig kan hardloop, en deur die Hottentotte k a m m a genoem word."

Die Imbo-Kaffers het ook die dier geken. „Hulle beskryf dit as 'n vreeslike wilde dier. Hulle is ook baie bang daarvoor, en dit verniel soms hulle krale en huise. H u l l e s ê d i e d i n g h e t v o o r s y k o p é é n h o r i n g w a t b a i e l a n k i s , e n d a t d i t g l a d ' n a n d e r d i e r i s a s d i e r e n o s t e r , w a t h u l l e g o e d k e n ."

Die skrywer van die artikel - een van die redakteure van „Ons Klyntji" - merk hierby op dat baie Boesman-skilderye dieselfde dier matiseer.

Onder die dieremiddels in ons volksgeneeskunde speel b l o e d 'n aansienlike rol. Dit is so oud soos die mensheid self. In Nederland word bloed teen stuipe aangewend. Uit die pinkie van die vader of moeder van die siek kind moet die bloed verkry word, en vir die

---

1) Van Andel, p. 9.

2) Vgl. „Ons Klyntji", Junie 1905, p. 13.

kind ingegee word.[1]

Eertyds moes die opvatting in Europa algemeen gewees het dat die bloed van 'n onthoofde misdadiger besondere geneeskundige eienskappe besit. „Selfs in 1908 nog het dit gebeur dat 'n ou vrou by die teregstelling van 'n moordenaar sy bloed van die beul afgevra het om een van haar familielede van vallende siekte te genees."[2]

Ons moet hierby dink aan die bloed van Christus en die besondere rol wat dit vervul.

Bloed as geneesmiddel kom volgens die skrywer Van Andel by byna al die volke voor. Dit is 'n opvatting wat ontspring het aan iets wat inherent in die wese van die mens is. Gepaard hiermee gaan die algemene opvatting dat die bloed van 'n gesonde mens (vgl. 'n moordenaar) die beste is om aan te wend, daar dit kragvol en gesond sal wees. In die gedagtelewe van die volk is hierdie middels nie barbaars nie, maar doodluiters. Die animistiese begrip is om die goeie eienskappe, die lewensessensie, van die bloed deelagtig te word deur dit te drink. Geneeskundig sal die volksmens bloed interpreteer in die sin dat dit 'n soort „sielestof" is wat die krag en lewensessensie het van die wese waarvan dit deel was. Gesonde bloed maak siekte dus gesond. Ons sien hier weer dat animisme 'n onvervreembare basis, 'n fondament van die menslike natuur is.

Verhaspeling veroorsaak die verbleking van mensebloed totdat dit in die volksgeneeskuns naderhand slegs dierebloed word. Mensebloed word op hierdie wyse vervang met die bloed van 'n hond of kat. Hierdie verskynsel bewys dat daar punte van aanraking in die volksopvattinge is wat op die oog onlogies, onnatuurlik en onwetenskaplik lyk. Bloedlating kan waarskynlik verklaar word deur te argumenteer dat deur iemand se bloed te laat, die siektewese met die uitvloeiende bloed verwyder word.[3]

In die Afrikaanse Volksgeneeskunde geld m e l k as 'n kragtige afweermiddel van alle siektes.[4] Ons het alreeds opgemerk dat dit gedrink word in gevalle van vergifting wat deur slangbyt veroorsaak is. In hierdie trant word daar aangeneem dat soogkinders nie vatbaar vir siektes is nie, en moeders wat melk het, is nie vatbaar vir bevrugting nie. Verder word melk in ons volksgeneeskunde aangewend teen steek in die oor, seer oë, karaktjies, en hondemelk saam met kamferbrandewyn teen stuipe.

In die kosmetiek van die volk word room aangewend om 'n mooi gelaatskleur aan dames te gee, en eselsmelk neem sproete weg as die gesig daarin gewas word.

Om onvrugbaarheid te verwyder, moet 'n vrou warm melk uit die spene van 'n koei drink.

---

1) Van Andel, p. 27.
2) Ibid., p. 28.
3) Vgl. Schrijnen, II, p. 341.
4) „Volksgeneeskuns in S.A." - dr. A. Coetzee.

Die vark geld van oudsher af as 'n demoniese dier (vgl. die Nuwe Testament: een van Christus se wonderwerke was om die bose geeste van 'n besetene in 'n trop varke te laat vaar). In dieselfde trant word vertel dat varkmelk aanleiding gee tot buikwurms.

Aangesien geboorte een van die verskynsels is waarmee die volksmens intiem in aanraking kom, het hy deur ervaring 'n skat van kennis hiervan opgedoen. So word by ons die mening gehuldig dat konsepsie bevorder kan word deur die eet van gedroogde vye. Om dit teë te gaan moet asyn, waarin roet opgeskud is, na elke kohabitasie (koitus) gedrink word.[1]

Om steriliteit te verwyder moet 'n dubbele handvol gedroogde vye, senneblare, gemmer en Engelse sout ingeneem word. Impotensie (swak seksaandrif) word behandel met spaanse vlieë.[2] 'n Alte sterk libido word verswak deur kamfer in water of brandewyn te neem.

Misgeboorte kan veroorsaak word deur van 'n kraalmuur af te spring, aalwyn te drink, roet en asyn te neem, rooipoeier en witdulsies te drink, sterk tee, haarlemmerolie op jenewer te neem, terpentyn en petroleum te drink, of deur 'n afkooksel van pampoenpitte te drink.

Gedurende die swangerskap mag die vrou nie met haar hande bokant haar hoof werk nie, anders skiet die naelstring om die nek van die kind. Sy mag ook nie huil nie, anders sal die kind 'n weemoedige natuur hê.

Sterk is die geloof aan versiening. As 'n swanger vrou 'n mismaakte kind sien, en daaroor mymer, sal 'n kind waaraan sy geboorte gee, op 'n dergelike wyse mismaak wees.

Die kind se sekse kan voor die geboorte vasgestel word. Die vrou wie se abdomen rondvormig is, sal van 'n seun beval; as die abdomen spitsvormig is, sal sy 'n dogter baar. Pyn in die rug gedurende swangerskap voorspel die geboorte van 'n seun, en pyn in die blaasstreek, 'n dogter. En verder: „De gravida die verlangt naar zurigheid is zwanger van een zoon; verlangen naar zoetigheid wijst op een dochter."[3]

By die geboorte word die hulp van vroedvroue ingeroep. Dit is waarskynlik aan hulle te danke dat die opvattings in verband met die kraambed so volkome en heelhuids oorgelewer is, nes die menige volksgeneesmiddels wat nog bewaar gebly het.

Simpaties word die plasenta begrawe hier sowel as in die stamland, om te verhoed dat dit enige nadelige uitwerking op die kind sal hê.[4] Ook moet die luiers van kinders nie op koue klippe gelê word nie

1) Vgl. Pijper, p. 29 - 35.

2) Pijper, p. 42.

3) Ibid., p. 30.

4) Van Andel, p. 215.

uit vrees dat dit aanleiding tot buikpyn by die kind sal gee.

Om die moedersmelk te vermeerder, gee 'n mens die kraamvrou venkel en anyssaad in, terwyl die borste met brandewyn ingevryf word. As die vrou die melksekresie wil laat ophou, moet sy daarvan uitdruk op 'n warm klip, of op 'n rooiwarm ploegskaar.

Seer tepels kry 'n „hoedjie" van was op; hierin is wit hoendermis en 'n salf van kopiefa, balsem sulfura en soos gewoonlik, Haarlemmerolie.

Om 'n klont in die bors te verwyder, moet die voering van 'n ou hoed daarop gelê word, of 'n fynekam.[1]

Tot hierdie gebied van die Volksgeneeskunde behoort ook die behandeling van kindersiektes soos smerterigheid, stuipe, geelsug, maagwerking, tandekry, winde, suur, ens.

Gebedelde, geleende, opgetelde of gesteelde voorwerpe kry in die volksgeneeskunde besondere waarde. Sulke voorwerpe is naamlik versterkend en gelukbringend.

Bedelbrood - d.i. brood wat deur die lyer van iemand anders afgevra is - word by ons teen tandpyn aangewend. Kinders wat swaar leer praat moet ook bedelbrood eet.

Ons het waarskynlik hier te doen met 'n verbleekte middeleeuse Christelike en veral Rooms-Katolieke opvatting, wat in een of ander verband staan met die mendikante priesters waarvan die vermaarde St. Fransiskus van Assisi 'n leier was.

In Stutterheim word die lyer aanbeveel om neusbloeding te genees, deur 'n stukkie liggeel kantmateriaal te bedel en om die nek te dra.

Tandpyn word behandel deur 'n neut te bedel. Die neut word deurboor en 'n garedraad word deur die gaatjie geryg. Nou moet die neut om die nek gedra word totdat die gare afvrot.

Bedelbrood word in asyn geweek en geëet om hik te verwyder.

Te Brits en Johannesburg word bloedvinne as volg behandel: bedel twee mannetjiesneute, deurboor en dra een daarvan om die nek, maak die ander een gaar en eet dit.

Tandekry kan verhelp word deur 'n sespenniestuk te bedel en om die kind se nek te hang.[2]

Wat nog op hierdie gebied lewe in ons kultuur, sal aangetoon kan word deur toekomstige ondersoek.

Die belangrikste waarde van die volksgeneeskuns lê natuurlik hierin dat dit die kultuurwetenskaplike geneeskunde ten goede kan bevrug. So merk J. Schrijnen in hierdie verband op: „Dit staat vast, dat wij

---

1) Vgl. Dijkman, p. 26.

2) „Volksgeneeskuns in Suid-Afrika" , 'n ongepubliseerde artikel deur dr. A. Coetzee.

een groot aantal onzer beste geneesmiddelen, o.a. digitalis, strophantus, china, coca, aan den speurzin van den natuurmensch te danken hebben."[1] S. P. E. Boshoff skryf in dieselfde trant: „En die studie van die volksgeneeskunde is nie alleen van belang vir die kennis van die volkswysheid (volkswetenskap) nie, maar ook noodsaaklik vir die mediese wetenskap ... Dit verdien ernstige studie."[2] Ons vereenselwig ons met die hoop dat hierdie aspek en openbaringsvorm van ons volkswetenskap in belang van ons volkskultuur nie lank meer verwaarloos sal bly nie.

Dat die Afrikaner veel geleen het van wat in sy volksgeneeskuns aangetref word, kan nie ontken word nie, maar 'n spesifieke Afrikaanse aard word waargeneem uit die dinge wat dit g e w e i e r het om te aan te neem; daar is veel verskynsels op hierdie gebied wat in die kern van hulle aard enig-Afrikaans is. Nie net op etiese en godsdienstige gebied hou die Afrikaner sy aard suiwer nie, maar ook op die gebied van die volksmedisyne. Die bepaling van die grootheid van hierdie bydrae tot die kultuurwetenskap is, is 'n taak vir toekomstige ondersoekers. Ons haal die volgende voorbeeld in hierdie kader aan:[3] „Een van die beste voorbeelde van die styging of veredeling van volksgoed, tref ons op die gebied van die volksgeneeskunde aan. Die ervaring van die akademies-geskoolde geneeshere het aan die lig gebring dat uit elke duisend of wat wondplekke daar gewoonlik een is wat ongeneesbaar is. 'n Jaar of drie-vier gelede het 'n Europese geneesheer kort op mekaar 'n paar pasiënte gehad van wie die wonde na maandelange behandeling nie wou genees nie. In sy radeloosheid wend die geneesheer 'n volksraad aan: hy plaas maaiers in die wonde, verwyder hulle na 'n bepaalde tydverloop, en wonder bo wonder, die wonde genees. Die geval word in Amerika grondig ondersoek, en toe sou dit blyk dat die maaiers 'n chemiese stof afskei wat wel deeglik 'n helende uitwerking het op die wondplekke." Die aanwending van vingerkruid (digitalis) teen kwale van die hart, en die aanwending van die Afrikaanse maagbossie teen parsie stam ook uit die geneeskuns van die volksmens.[4]

'n Bestudering van die kultuurlegaat van die volksmens in hierdie gesin (nl. van die volksgeneeskunde) kan dus 'n hulpmiddel word om gesonde kulturele wisselwerking tussen die opper- en onderkultuurlaag te bevorder.

---

1) Schrijnen, II, p. 343.
2) Boshoff, S. P. E. :„Beskouinge en Feite", p. 108.
3) Dr. Coetzee in „Die Afrikaanse Denker", p. 79.
4) Ibid., p. 79.

## H O O F S T U K   I I I

## A F R I K A A N S E   V O L K S W E E R K U N D E.

Een van die aspekte van die volkswetenskap is die volksweerkunde. „'n Gebied van die volkswysheid (volkswetenskap) waarop die waarneming verskerp en die verbeelding beteuel word, is die van die volksweerkunde."[1] Ook hier, nes in die volksgeneeskunde, stem die bevindinge van die volksmens soms ooreen met die natuurwetenskaplike metereologiese bevindinge. Dit is 'n gebied van die volkskunde wat baie oud is, en dit word aangetref by die landbewoners, die vissers, en die veetelers van die volk. In Suid-Afrika, wat 'n nuwe bodem en klimaat vir die Europese nedersetters was, is 'n oorspronklike wetenskap enersyds geskep, en andersyds is stamlandse oorleweringe hier voortgeplant.

Natuurbetragting is die stoel van die volksweerkunde. Die opvattinge in verband met die weer is oorgelewer van geslag tot geslag en dit berus op die ervaring en waarneming van geslagte gedurende al die vorige eeue gedurende die bestaan van die volk. Veral landbouers, herders, vissers en skippers kom in daaglikse aanraking met die bodem en sy weergesteldheid waarin hulle hulself bevind, en hulle bevindinge gee aanleiding tot 'n volkskultuur-legaat. In hierdie kennis van die volk is dit logies om te verwag dat naas fantasie, daar ook elemente in die volksweerkunde sal voorkom wat sal stryk met die kultuurwetenskaplike metereologiese waarnemings. Die kultuurweerkunde van môre is die volksweerkunde van gister.

Uiteraard is die volk se natuurverklarings deurspek met 'n middeleeuse mistieke gees. Nie die empirie nie, maar die verbeelding speel die hoofrol. Die volk se vertroudheid met die natuur is 'n ervaring wat slegs oppervlakkige indrukke op sy gemoed maak. Oorsaak en gevolg word eerder sprokiesagtig of mitologies as objektief-wetenskaplik benader en verklaar. Die volk trag om vrae soos die volgende te beantwoord: waarvandaan kom die aarde, die son, die maan, die mens, bome en plante, berge, riviere, siekte en dood.[2] Dit is die wêreld wat buite die volksmens om bestaan, wat hy wil verklaar. Maar hy sien dit nooit anders as deur die oë wat subjektief is van die wêreld in hom nie - by uitstek 'n animistiese en mistieke wêreld. Die volksmens se eie innerlike natuurlike menslike wese is die aangewese basis waarop die ondersoek gegrondves is. Hy projekteer sy eie innerlike wese op die dinge wat hy in die natuur sien. Omdat sy verstandelike vermoë onhelder is deur gebrek aan wetenskaplike ervaring, is sy verklarings van die natuurverskynsels ook onhelder, en daarom slegs by benadering

---

1) „Die Huisgenoot", 4 Desember 1931 - „Die Afrikaanse Volkswysheid" - S. P. E. Boshoff.

2) Vgl. Schrijnen, II, p. 344.

wetenskaplik waar. Die volksmens gaan nooit bewus en objektief aan die speur nie. Hy getroos homself weinig verstandelike inspanning. Sy fantasievermoë is gevolglik skerper as díe van die wetenskaplike. Sy verklarings spruit regstreeks uit die kern van sy menslikheid: ongeskoold, behalwe wat ervaring aanbetref. Hierom is byna alles in die volksmens se legaat - geestelik sowel as stoflik - beheers deur 'n algemene menslikheid wat alle indiwiduele norms uitwis. In hierdie sin is alle mense wat bewus verstandelik ontwikkeld is, nie natuur - of volksmense nie. Ons kan dit die natuurlike trap van die menslike kultuur noem. So is hulle geestelike besit ook meer naïef en natuurlik-menslik as díe van die kultuurmens.

Die volksmens, en hier veral die landman en die skepper en die veeteler, se lewensbehoeftes word deur die grille van die natuur bedreig of bevorder. Hulle is bly as dit m o o i weer is en droefgeestig as dit s l e g t e weer is. Hulle leef intiem saam met die wisseling van die seisoene. Elke jaargety beteken 'n nuwe werksaamheid in sy bedryf. In die somer word daar op die land gewerk om die oes te verseker wat gedurende die winter lewensmiddele verskaf. As die oes nie groot genoeg is nie weens droogte of enige ander gril van die elemente, is daar vir die wintermaande geen lewensmiddels nie. Ons kan dus beweer dat die basiese sielkundige drang in hierdie opsig van die volksweerkunde is om honger te stil en om die instink van selfbehoud te vergenoeg.

Die volksweerkunde is 'n vorm van die volkswetenskap wat seker as een van die heel oudstes kan geld. Dit verskyn na die nomadiese periode in die wêreldgeskiedenis toe die bevolkinge van verskeie dele van Europa landelik en agraries geword het. In hierdie tradisie sal dus velerlei en ou oorlewerings aangetref word.

Waarnemingsvermoë word verskerp deur intieme aanraking. In ons eie volksweerkunde sien ons dit: „Die Afrikaanse volk, afkomstig uit seelui en landbouers, 'n boerevolk woonagtig in 'n droë land met 'n baie wisselvallige reënval, het belang by die weergesteldheid soos weinig ander volke, en het gevolglik geleer om op elke natuurverskynsel te let wat maar enigsins 'n aanduiding van naderende reën kan bevat. As daar een gebied van die Afrikaanse Volkswetenskap is waarop ons met reg 'n hoë mate van selfstandigheid en oorspronklikheid sou kan verwag, dan moes dit die terrein van die volksweerkunde wees, aangesien die volk oorgeplant is in 'n nuwe vaderland met 'n bodemgesteldheid en klimaat so verskillend moontlik van díe van die ou stamland."[1]

Maar ook sal ons baie erfgoed uit die Europese stamlande hier aantref omdat die geestesgoedere van die onderkultuur weinig aan verandering onderworpe is, want 'n uitstaande eienskap van die volksmens is dat hy sy sedes en gewoontes en tradisies baie eng-konserwatief bewaar.

---

1) „Die Afrikaanse Volksgeloof" - dr. A. Coetzee, p. 158.

Ons vereenselwig ons met die begrip dat: „'n gunstige weersgesteldheid is vir die boer van die grootste belang; vir sy vee en sy saaiery moet hy op gesette tye reën kry, anders loop dit mis. Daarom word allerlei middels aangewend om die aanstaande weersgesteldheid te dui: as die reënpaddas begin kwaak, as die swaeltjies laag vlieg, as die perde en skape besonder lewenslustig rondhuppel, dan kom dit reën."[1] Sulke weersreëls berus op volkservaring wat deur waarneming versamel is. Reent vorm 'n vername aspek van die Afrikaanse volksweerkunde. So word daar pogings aangewend om reent te „maak" as dit te lank uitbly.

Om reent te maak, word in Knysna, Kaapland, 'n padda doodgeslaan en op sy rug neergelê; in Dordrecht, Kaapland, bestaan in die volksgeloof die opvatting dat dit goed sal reent as 'n mens 'n duisendpoot doodtrap; in Lichtenburg, Transvaal, word 'n trapsuutjies op sy rug begrawe om reent te veroorsaak.[2]

Sulke voorbeelde om op die onoffisiële, konserwatiewe, naïewe weerkunde wat die volksmens huldig.

Weervoorspelling, natuursimboliek en simpatie, asook animisme, is die stutpale wat die volksweerkunde stu. Nes in die volkstaal die vergelyking die mees algemene skepping onder die idiome is, is 'n basiese element van die meeste verskynsels in die volksweerkunde gegrond op 'n vergelyking van ooreenkomstige fenomenas.

In Zeerust, Transvaal, word geglo dat dit spoedig sal reent as wolke die vorm van visse aanneem; as die een punt van die sekelmaan na ander wys, sal dit reent, want dan „gooi" die maan water.

In die Afrikaanse Volksweerkunde speel die stand van die maan 'n besondere rol: „Die algemene reël is: plant of saai met afnemende maan alle knolgewasse en plante wat onder die grond dra, dan sal die wortels ook diep afgaan; plant met wassende maan alles wat bo-op die grond dra."[3]

Dan bestaan daar die opvatting dat alles wat geplant word, slegs tydens 'n groeiende maan moet geskied. Oor die algemeen word geloof aan die inwerking van die maan op die weer slegs alles wat tuingroente aangaan; by die bewerking van landerye word die maan nie in ag geneem nie.

'n Wingerd moet slegs by afnemende maan gesnoei word, anders traan dit of dra dit te min.

As dit volmaan is, is diere se bene vol murg, en dit is dan die aangewese slagtyd.[4]

Dan is daar die geloof dat die fases van die maan 'n invloed uitoefen op die werking van medisyne. Daar is 'n patente middel teen wurms op die mark, wat spesifiek driemaal gebruik moet word. Die der-

---

1) „Die Afrikaanse Volksgeloof", dr. A. Coetzee, p. 158.
2) Ibid., p. 159.
3) Ibid., p. 160.
4) Ibid., p. 160.

de keer moet op die aand van die volle maan wees, anders sal dit nie help nie.[1]

In die volksgeneeskunde word aangeneem dat as dit volmaan is, moet die vader van 'n pasgebore kind met sy rug na die maan staan en die plasenta in die grond begrawe, sodat dit saam met die maan kan doodkwyn.[2]

Hout vir meubels moet in die winter gekap word as die maan „dood" is, anders kry dit wurms.[3]

Grasbrand moet volgens ons weergeloof slegs by groeiende maan geskied, sodat dit weer saam met die maan kan groei.

Vingernaels moet op 'n Vrydag geknip word by wassende maan sodat dit saam met die maan kan groei.[4]

Ook word periodisiteit, parallelisme en antitese in die weergeloof i.v.m. die maan aangetref. Vandaar het die opvatting ontstaan dat die weer 'n verandering met die verskyning van die nuwe maan ondergaan. As die sekelmaan agteroor hang, sal dit nie reent nie, en 'n mistige kring om die maan stel die koms van reënerige weer voor.[5]

By ons leef die begrip voort dat die maan hoofpyn en vallende siekte veroorsaak, asook maansiekte - 'n opvatting wat ook in die Nederlandse volksgeloof aangetref word.[6]

In die Nederlandse volksgeloof voorspel 'n maanreënboog stormagtige weer.[7] Dit stem ooreen met die Afrikaanse opvatting dat 'n kring om die maan stormagtige weer voorspel.

Watersug word altyd erger as die maan aanwas.[8]

Die eerste dag van 'n nuwe jaargety word beskou as toonaangewend van die weer wat sal volg. Ons jaargetye is direk teenoorgestel aan die Europese jaargetye, met die gevolg dat dit 'n inslag maak in ons volksweerkunde. Gepaard hiermee gaan die feit dat die Katolieke inslag by ons nie so diep is as in Europa nie. In Nederland word aangeneem dat sekere heiliges op bepaalde dae die weer reguleer. So iets word nie op Afrikaanse gebied teëgekom nie.

Die hooftye van die volk se almanak is die voorjaar en die najaar. Daartussen bestaan allerlei bakens. As die son bv. op St. Katormasdag skyn in Nederland (25 November) sal die lang herfsreëns ophou, en „St. Andries (30 November) brengt de vries."[9]

As die eerste Januarie by ons gekenmerk word deur mooi weer,

---

1) „Die Naweek", 25 Maart 1943, - „Boererate en hul Oorsprong" deur Arts.

2) Pijper, p. 36.

3) Ibid., p. 42.

4) Ibid., p. 42.

5) Boshoff, p. 111.

6) Rasch J. , „Nederlandsche Folklore", 1935, p. 51.

7) Ibid., p. 96.

8) Pijper, p. 23.

9) Schrijnen, p. 360.

**sal dit vir die hele res van die jaar ook gul wees.**

Sommige plante geld as weer-instrumente vir die landman. Hulle stel hom in staat om die toestand van die weer te voorspel. So dui die volgende Engelse spreekwoord hierop: „It isn't spring until you can plant your foot on twelve daisies."[1] In Kent in Engeland, word beweer dat as die eik eerste blare kry, sal die somer warm wees.[1]

Die inkbol (Hypoxis villosa) speel 'n rol in die Basoetoe weerkunde. Dit dien naamlik om weerlig af te weer.[2] Waarskynlik het hierdie volksgeloof al sy intrek geneem in die van die blankes.

Waarskynlik ná 1820 dateer die opvatting in verband met die „Poor man's weatherglass", Afrikaans: rooimuur (Anagallis arvenis).[3] Ongelukkig word geen melding gemaak van die hoedanigheid waarin hierdie plant as weervoorspeller bestaan nie.

Blare speel in die volksweerkunde 'n groot rol:

„If on the trees the leaves still hold,
The winter coming will be cold."[4]

In die Wes-Transvaal word daar algemeen geglo dat 'n bloekomplantasie wat naby 'n mielieland is, reent „aan trek".

Die eikeboom was vir die ou Nore vol mitologiese belang. 'n Reste daarvan word in Engeland aangetref:

„When the oak is before the ash
the summer will be dry and wash"[5]

Meer spesifiek behorende by die volksgeloof is die volgende Nederlandse weergeloof: „In Staafen by Reichenhall tegenover den Falkenstein is in een rots een gedeeltelijk door de natuur, gedeeltelijk door menschenhanden gemaakte grot, het Frauen lach geheeten. Daarin woonde in de oudste tijden drie vrouwen; men zag dikwijls voor de grot haar wasch te dragen hangen, waaruit goed weer voorspeld werd."[6]

Hierby sluit aan die Afrikaanse volksgebruik om gedurende tye van strawwe teistering deur droogte vir reent te bid. Elia (840 - 896 V. C.) het alreeds om reent gebid. Eenkeer het ene St. Adelbert van Praag in die Germaanse mitologie met goeie gevolg om reent gebid. Soos die Griekse Zeus of die Romeine Jupiter aangeroep het, so roep die Christene die hulp van God in tydens strawwe droogte. Die heidense Germane het ander middels teen droogte gehad. Hulle het die „bilzenkruid" vereer soos die Christene God vereer deur gebede en die sing van liedere.[7] Op een lyn hiermee staan die volgende bevinding van

---

1) Dyer, p. 27.
2) Watt, p. 29.
3) Ibid., p. 136.
4) Northall, p. 474.
5) Ibid., p. 474.
6) Baroen Sloet, p. 39.
7) Baron Sloet, p. 65 en Grimm: Myth. Nachtr. S. p. 410.

dr. A. Coetzee:[1] „Naby Oemtata, in Stutterheim, is die Duitse koloniste bly as die Afrikaanse kerk op die dorp nagmaal het tydens die droogte, want na baie gebede reent dit altyd."

Ons sien dat ons nuwe klimaat 'n nuwe aard, 'n nuwe volksweerkunde hier help skep het. Ons sien egter ook dat daar nog 'n besliste oordrag uit die Germaanse wêreld plaasgevind het.

In die volkstaal, of enger, in die volkskuns, bestaan 'n aantal rympies wat as 'n waardevolle bydrae ook tot die Afrikaanse Volksweerkunde gereken moet word.

Oor die rol van die rympie in hierdie opsig skryf dr. A. Coetzee as volg: „Ook in die wêreld van die landman en die boerderybedrywighede het rympies 'n groot rol gespeel. Vir die boer is die belangrikste ding natuurlik die vermoë om die toestand van die weer te voorspel; sonder reën moet die hele boerdery tot stilstand kom. Vandaar dan ook dat ons stamlande ryk is aan weerrympies. Ek noem 'n paar:

„Schaapjes aan de hemelbaan
Duiden wind en regen aan"
„Als de kwartsel rustloos slaat,
Weet: Het spoedig reegnen gaat."

„Als de kik vorsch kwaakt,
Vast regen naakt."

„Krassen kraai en raaf verbolgen,
Weldra sal er regen volgen."

„Is op Kerstmis de hemel klaar,
Verwacht dan vrij een vruchtbaar jaar."

Baie van die middels wat die boer aanwend om die weer mee te voorspel, is natuurlik ook by ons bekend. As die reënpaddas (Jan Blom) kwaak, is die reën naby; as die son rooi ondergaan, voorspel dit winderige en stowwerige weer; as die hoenders ontydig in die nag kraai, is dit 'n voorteken van wind die volgende dag; as die kiewietjies snags onrustig is, voorspel dit slegte weer, en nog 'n paar meer. Maar by ons het dit heel selde uitgegroei tot vaste rympies; altans, daar is baie weinig sulke rympies in Afrikaans opgeteken. Een van die soort rympies is:

„As dit reën en die son skyn,
Trou jakkals met wolf se vrou."[2]

Die grondslag van alle volksrympies en dus ook van die weerrympie is die feit dat berymde gedagtes beter onthou kan word as andersinds.

Die volgende Afrikaanse rympie stam waarskynlik van 'n Nederlandse oorspronklik af:

„Aand rood,
Môre water in die sloot"[3]

In die naam Tafelberg skuil 'n natuurmite. Grimm het beweer dat alle mitologie 'n patologie van die taal is. In hierdie geval word

1) „Volksgeneeskuns in S.A." – „Waar die Volks Skep" – dr. A. Coetzee.
2) „Die Brandwag", 25 Junie 1943 –
3) Boshoff, p. 113.

**Author** Hudson Charles William
**Name of thesis** Die Afrikaanse Volkswetenskap. 1943

***PUBLISHER:***
**University of the Witwatersrand, Johannesburg**
**©2013**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the University of the Witwatersrand, Johannesburg Library website are protected by South African copyright law and may not be distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

The University of the Witwatersrand, Johannesburg, is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the Library website.